**Donderdag 10 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:9-16 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:10, 11**
**Soek God, koester sy woorde**

In hierdie agt verse word twee Hebreeuse woorde met “u woord” vertaal, in vers 9, 11 en 16. Die twee woorde is sinonieme. Die woord wat in vers 9 voorkom, is ook in die Hebreeus die laaste woord in vers 16.

Op hierdie manier kry God se woord besondere klemtoon. Die jongmens moet hou by God se woord (vs 9). Die digter sê in vers 11 dat hy God se woord koester. In vers 16 sê hy dat hy God se woord nie sal vergeet nie. In die hele psalm is God se woord, sy opdragte, baie belangrik. God se woorde hou die jongmens op die regte pad – maar ook elke gelowige. Daarom moet God se woorde in die gelowige se hart bly (vs 11). Hy mag dit nie vergeet nie (vs 16), hy mag nie daarvan afdwaal nie (vs 10). Die digter bestudeer God se woorde, hy koester dit in sy hart, hy dink daaroor na, hy vertel ander mense daarvan, hy vind vreugde daarin.

Dit is inderdaad belangrik dat God se woord, sy woorde, ’n besondere plek in ons lewens moet inneem. ’n Mens kan egter met God se woorde besig bly sonder om steeds in die regte verhouding met God te leef. In hierdie opsig bring vers 10 die regte balans. Die kennis van God se woord moet ’n mens lei tot kennis van God, van Wie Hy is, van hoe Hy ons hele lewe in besit neem. Daarom sê die digter in vers 10 dat hy God met sy hele hart soek. Hy wil in die regte verhouding met God leef. In hierdie verhouding is God se woord ’n lig op sy pad – maar hierdie lig moet hom by God bring.

Jesus het deur sy lewe, dood en opstanding die pad na God vir ons oopgemaak. Daarom moet ons steeds in ’n lewende verhouding met God staan.

*Sing: Psalm 25-1:2*
*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*